
# Die Kruin-o-gram

25 April 2021 - Uitgawe 04

## Die maatlyn | Sagaria 2:1-13




Die profetiese boek van Sagaria word aan die profeet Sagaria toegeskryf, wat 'n tydgenoot was van die profeet Haggai. Hierdie profetiese boek is opgeneem in die Boek van die Twaalf Klein-profete, waaronder Daniël ook ingesluit word.

Sagaria profeteer tydens die regeringstydperk van Darius die Grote, nadat die Jode die geleentheid gegee is om terug te gaan na Juda toe, om Jerusalem, sowel as die tempel te herbou. Hierdie sal later van tyd bekend staan as die Tweede Tempel tydperk en is bekend daarvoor dat die Jode hul godsdiens in dié tyd baie streng toegepas het. Om dit te sien, moet ons na die verhale kyk wat in Esra en Nehemia opgeneem is. Dus vermoed ons dat die boek tussen 520-518 v.C. geskryf is.

As ons na Sagaria self kyk, sien ons dat die profeet geinspireer is deur die profeet Esegiël en Daniël, soveel so, dat baie van die beelde wat in hierdie twee profetiese boeke na vore kom, in Sagaria ook opgeneem is. Hierdie verhaal is sigbaar in die agt visioene wat Sagaria kry in hoofstukke 1:7-6:15. Hierdie visioene kommunikeer die hoofbedoeling van die boek, naamlik dat God nie van die Jode vergeet het nie en dat die Jode moet uitsien na die koms van Here.

Dit is ook duidelik dat die laaste gedeelte van Sagaria, deur iemand anders geskryf is, as daar na die taal en styl van hoofstukke 9-14 gekyk word. Hier word bespiegel dat volgelinge van Sagaria heelwaarskynlik sy werk voortgesit het en dat hulle die byvoegings gemaak het. Sagaria kan dus in twee hoofdele verdeel word Sagaria 1-8 (Sagaria se profesie) en Sagaria 9-14 (die voortsetting van Sagaria se werk).

# Delf Dieper

Hierdie gedeelte van die Kruin-o-gram is spesifiek gemik op die jongmense, die tieners in ons gemeente. Hier daag ons, ons tieners uit om op drie vlakke te groei in hul geloof - 1) vir mekaar, 2) na God, 3) en na mense daar buite. Die doel van Delf dieper is dat ouers en tieners saam kan praat oor die Skriflesing aan die hand van die boonste oordenking, sodat die hele gesin tot 'n nuwe verstaan kan kom van die Bybel. Wanneer die gesin dus weer bymekaar kom, vra die volgende vrae vir mekaar en sien hoe die Gees van God in jou gesin beweeg.

1. Na mekaar
   a. Hoe gaan dit met jou hierdie week?
   b. Hoe voel dit om weer vir 'n slag te rus?

2. Na God
   a. Lees Sagaria 2:1-13
   b. Wat val jou op wanneer jy hierdie gedeelte lees?
   c. Wat sê hierdie gedeelte oor God?
   d. Het jy al planne gemaak en dit het nie gerealiseer nie, hoe het jy gevoel?
   e. Dink jy ons doen altyd goed volgens die wil en voorskrifte van God?


3. Na mense
   a. Deel met iemand die insigte wat jy geleer het rakende Sagaria.



# Kom ons "recap"

In die eerste kwartaal het ons in die begin van ons Bybel begin (in die Ou Testament) en verskillende Bybelverhale geleer. Kan jy onthou watter stories ons geleer het? En kan jy onthou wat in elke storie gebeur het? Hier is 'n lysie van die stories om jou te herhinner:

Daag jouself uit en kyk hoeveel van die stories jy kan onthou sonder om dit weer te gaan lees.



1. God maak die wêreld (Gen 1 en 2)
2. Die groot fout (Gen 3)
3. Noag doen wat God sê (Gen 6-9)
4. Die hoë toring (Gen 11)
5. Abraham vertrou op God (Gen 12-17)
6. Wag vir 'n baba (Gen 18 en 21)
7. 'n Vrou vir Isak (Gen 24)
8. Jakob jok (Gen 27)
9. Jakob se droom (Gen 28)
10. Josef se kleurvolle jas (Gen 37)
11. Mirjam bring haar kant (Eks 1:1-2:10)
12. Die brandende bos en die tien plae (Eks 3-12)

Wanneer ons die Bybelverhale lees of leer help dit ons om te weet wie die mense in die Bybel was. Die verhale vertel vir ons hoe daardie mense gevoel het en wat hulle alles beleef het. Wanneer ons weet wat in daardie mense se lewe gebeur het en hoe hulle daaroor gevoel het, kan dit ons ook help met sekere dinge wat in ons lewe gebeur. Ons sien ook veral, en dis die belangrikste deel daarvan, hoe belangrik God in die mense se lewens was. Dit help jou om te verstaan en te besef dat God ook in jou lewe en vir jou belangrik is.

Kan jy aan nog 'n rede dink hoekom dit belangrik is om jou Bybel te lees?

## Verjaarsdae

| | |
|---|---|
| **Sondag 25 April** | |
| Roelene Bester | 082 335 2874 |
| Sarah Maas | 012 804 0465 |
| Nadine van Wyk | 073 169 7739 |
| | |
| **Maandag 26 April** | |
| Dirk de Klerk | 082 460 4221 |
| Anke du Plessis | |
| Wanneke Kotze | 083 461 0816 |
| Johan Visser | |
| | |
| **Dinsdag 27 April** | |
| Anna Malan | 012 803 6477 |
| | |
| **Woensdag 28 April** | |
| Marcel Combrinck | 084 589 6369 |
| Chris Kapp | 012 804 0852 |
| | |
| **Donderdag 29 April** | |
| Marelise Minny | 083 307 3895 |
| | |
| **Vrydag 30 April** | |
| Julyan Bosman | 082 644 4243 |
| Theresa Grundling | 012 803 1711 |
| Santa Mentz | 012 804 9137 |
| Danel Swart | |
| Tienie Wessels | 012 804 1472 |
| | |
| **Saterdag 01 Mei** | |
| Marietjie Erasmus | 071 687 4863 |
| Roeland Schonken | 012 332 5980 |
| | |

**Beste wense vir 'n gelukkige Nuwe lewensjaar !!**

## Gebedslys

**KANKER**
Charles Du Plessis - Martie van der Merwe
Johnny Redelinghuys - Koos Barkhuizen
Rita Pieters - Yvonne Lombard - Japie De Clerq
Colene Smith - Dr. Hennie van Buuren
Miné van der Merwe (10 jaar oud)

**GESONDHEID**
Hilie Green - Mimi Fourie
Heleen Morton (Benodig 'n nier vir 'n niervervanging).
Klein Janro de Jager – Ben van Jaarsveld (Anine se pa)
Alex Smit - Logan Campher – Anelda Du Toit – Jayden Du Toit
Charmaine Whittaker

**AFSTERWE**
Oom Nico Pienaar - Theodor (Cecile Kleynhans se seun)

**SWANGERSKAPPE**
Runé en Eckard Erasmus
Tia en Japie de Jager
Bianca en Paul Steyn
Herman en Rozanne Steyn

**ONS BID OOK VIR**
'n egpaar wat sukkel om swangerskappe te behou

## Hoe om Zapper te gebruik

1. Scan die QR-kode
2. Sit in bedrag
3. Kliek op betaal

Let wel dit werk met jou persoonlike bank (FNB, ABSA, Nedbank ens.) se toepassing ook.

**Bankbesonderhede:**
N.G. Silvertonkruin
ABSA - 632005
Tjek rekening: 70580888

zapper